

Gereformeerde Kerk Bellville – 8 Oktober 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 74:2, 7, 8 (p. 372)

- 2 Dink aan u volk, aan u gemeente weer, / wat U voorheen as gunsvolk uitgelei het,
die stam wat U as erfdeel toe verkry het / aan Sions berg, u woonplek van weleer.
- 7 Ons sien geen tekens in die donker uur / van u verbond, en daar is geen profete
wat ons meer troos of bring die dieper wete / hoe lank ons druk en hartseer nog moet duur.
- 8 Hoe lank, o God, sal nog die teenparty / ons smaad en tart? Sal dan in ewighede
u Naam beskimp word in sy lasterrede? / Wat toef U nog en trek u hand tersy?

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 96:1, 6 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 130:2, 3 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Gebed

Psalm 94:2, 6 (p. 472)

- 2 Hoe lank, o HEER, sal nog die bose / hier triomfeer ... die goddelose
by al ons jammer en gesug / hul jubels uitstoot in die lug?
En giftig, by hul seëpraal, / ons uitspot met hul lastertaal?
- 6 Maar, mens, die HEER ken u gedagte – / van nietigheid is niks te wagte!
Gelukkig dan die man, o HEER, / wat uit u wet sy wysheid leer,
en weet hoe Gods geregtigheid / gehandhaaf word in nood en stryd.

Skriflesing: Daniël 11:21-45; Markus 13:14-23; Openbaring 13:1-10

Kernverse: Daniël 11:30b-31

Dan sal hy teruggaan en sy toorn openbaar teen die heilige verbond en optree; en hy sal teruggaan en ag gee op die wat die heilige verbond versak het. En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, onheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel. (Daniël 11:30b-31 AFR53)

Tema: Staan vas in Christus – die Antichris ontsien niks en niemand nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, al drie die gedeeltes waaruit ons gelees het spreek van die allerverskriklikste tyd wat gaan aanbreek in die geskiedenis van die wêreld en die kerk. In Daniël 11 en Markus 13 gee die Here twee voorprente van hierdie verskriklike tyd wat in die tydjie voor Christus se wederkoms sal afspeel.

Die eerste voorprent in die profesie van Daniël 11 gaan oor die opkoms en optrede van Antiochus Epifanes – hierdie veragtelike persoon wat as koning geregeer het. Vanoggend gaan die Heilige Gees ons die optrede van die Antichris in hierdie veragtelike mens se optrede in die jaar 168 vC leer ken.

Die tweede voorprent in die profesie van Jesus in Markus 13 gaan oor die verskriklike tyd wat die gelowiges in die eerste eeu na Christus in Jerusalem beleef het. Jesus sê die tyd is verskriklik, want daar sal so 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin af nog nooit was en weer sal wees nie. Hierdie tweede voorprent het afgespeel toe die Romeine Jerusalem in die jaar 70 nC verwoes het.

In Openbaring 13 profeteer die Here Jesus die gebeure in daardie groot verdrukking wat gaan aanbreek kort voor sy wederkoms. Dit is gebeure wat 'n mens koud laat word en jou hart ineen laat krimp. Daarom sê die Heilige Gees uitdruklik dat die heiliges hiervoor volharding en geloof nodig.

Broers, susters en kinders, wanneer die Heilige Gees hierdie optrede van die Antichris laat sien in die optrede van Antiochus wil Hy die gelowiges nie moedeloos en wanhopig maak nie. Hy wil ons vanoggend toerus om gereed te wees vir dié verskriklike tyd. Hy sal ook vir ons duidelik sê waarom daar so 'n groot verdrukking gaan plaasvind. Maar die hoofdoel van die Heilige Gees se werk is om die gelowiges nog meer in Christus te verenig, want dit is net in Christus waar die gelowige veilig is. Laat ons daarom eers hoor hoe Jesus Christus Homself betoon as die een in wie gelowiges vas kan staan.

As daar iemand is wat weet met watter venyn en slinksheid die duiwel te werk gaan, is dit die Here Jesus Christus. Van sy eerste oomblikke op hierdie aarde was die duiwel en sy bese magte daarop uit om van Jesus ontslae te raak. Die aanslae teen Jesus het begin met die bedrieglike woorde van Herodes die Grote wat ook kamtig hulde aan Jesus wou bewys. So het hy mos vir die wyse manne uit die Ooste gesê toe hulle navraag gedoen het oor waar die Koning van die Jode gebore is.

Kort nadat Jesus deur sy Vader met die Heilige Gees gesalf is as die Christus het die Gees Hom die woestyn ingelei om deur die duiwel versoek te word. Vir veertig dae lank het Jesus van aangesig tot aangesig met hierdie aartsvyand van God te doen gehad. Hy het op elke denkbare manier probeer om Jesus te laat afsien van sy opdrag om die mense wat sy Vader aan Hom gegee het te verlos.

Nou moet 'n mens raaksien hoe die duiwel se versoekings al erger geword het hoe nader aan die einde van die veertig dae dit gekom het. Onder leiding van die Heilige Gees skryf Lukas dat Jesus vir veertig dae lank deur die duiwel versoek is. In daardie hele tyd het Jesus niks geëet nie, sodat Hy aan die einde daarvan honger was. In die stadium toe Jesus se menslike liggaam verswak was van die hongerte kom die duiwel met sy felste aanslae.

Nie een keer in die versoekings het die duiwel Jesus se Godheid ontken nie. Inteendeel, hy weet baie goed dat Jesus die Seun is van die lewende God. Die duiwel het Jesus versoek om sy Goddelike mag te gebruik om Homself te bevoordeel en om op 'n skouspelagtige wyse te toon dat Hy werklik die Seun van God is. Einde ten laaste versoek die duiwel vir Jesus om 'n kortpad tot eer en aansien te bewandel – Hy moet maar net die duiwel aanbid dan sal hy aan Jesus al die koninkryke van die wêreld gee.

Jesus het elke versoeking van die duiwel weerstaan. Hoe die duiwel ook al die Woord van God verdraai het, Jesus het elke keer sy dwaling met die Bybel ontmasker. Jesus het nie vir een versoeking geswig nie, want Hy het geweet die pad van die Messias is deur die dieptes van vernedering aan die kruis heen. Eers daarna kom die verheffing tot die hoogte as ewige Koning aan die regterhand van God.

Daarom, broers, susters en kinders, as daar iemand is wat weet wat dit beteken om gehoorsaam aan God te bly te midde van die ergste versoekings is dit Jesus Christus. Om hierdie rede moet gelowiges soveel kragtiger vasgryp aan Jesus Christus vir wie hulle in die Woord van God leer ken het. Hy het immers alle mag in die hemel en op aarde. Hy het medelye met gelowiges se swakhede, want Hy weet wat versoekings is en hoe erg versoekings kan raak.

In die eerste twintig verse van Daniël 11 het die Heilige Gees aan ons vertel hoe dit in die wêreld sal gaan voor die koms van die Antichris. Die Heilige Gees het sy gelowiges vertroos deur hulle te verseker dat ook die wêreldgeskiedenis God se geskiedenis is ter wille van sy kerk vir wie Christus duur aan die kruis betaal het. Van vers 21 af word vertel hoe die Antichris sy weg deur die wêreld sal baan totdat hy sy hoogtepunt bereik. Daar is vier dinge wat die Heilige Gees ons leer in verband met die optrede van die Antichris – sy slinksheid, sy militêre optrede, sy beheer oor die ekonomie en sy optrede teen die kerk van die Here Jesus.

Hierdie Anthiochus Epifanes, van wie die engel uit die boek van die waarheid vertel, was vir jare 'n banneling in Rome as deel van die kompensasie wat sy pa aan Rome moes betaal vir 'n oorlog wat hy teen die Romeine gevoer het. Anthiochus se ouer broer het in sy pa se plek koning van die noorde geword. Maar hierdie ouer broer is vermoor. Toe die berig by Anthiochus uitkom, het hy op 'n baie skelm manier homself uit die ballingskap gewurm en sy ouer broer se seun sy plek as banneling laat inneem.

Dit was heeltemal 'n onverwagse verwickeling. Iemand wat deur sy langdurige gevangenskap nie vir die troon in aanmerking gekom het nie, maar met skelmstreke die troon gekry het, word dan 'n veragtelike persoon genoem. Met listigheid en 'n gladde mond het hy homself as koning van die noorde gevestig. Bedrog en omkoperij was die middele wat hy gebruik het om sy troon in die noorde te bevestig. Hy het nie 'n flenter omgee vir ooreenkomste wat hy met bondgenote aangegaan het nie. As dit hom pas en sou bevorder, het hy eenvoudig die ooreenkomste verbreek. Hy skaam hom nie eers om ander mense in die oë te kyk terwyl hy hulle belieg en bedrieg nie. Na sy oorlog met die koning van die suide het hy saam met hom om een tafel gesit en hom belieg.

Gelowiges moet waaksaam en nugter wees. Die Antichris se planne om sy hoogtepunt te bereik is fyn uitgewerk. Sy planne is vol bedrog en sy woorde is glibberig. Wie nie die wil van God ken nie, sal maklik in die strik van hierdie veragtelike mens gevang word. Hy is so 'n uitgeslape vent dat hy dit selfs sal regkry dat mense van hulle beginsels en oortuigings sal afsien.

Hierdie goddelose werk sien ons nou al meer en meer na vore kom. Op elke denkbare manier word mense se beginsels en oortuigings afgestomp deur middel van fliëks, boeke en televisieprogramme. Dink net 'n bietjie hoe mense al deur middel van komedies op die televisie daaraan gewoond gemaak is dat homoseksuele verhoudings nie so afskuwelik is nie. Dit is die duiwel se manier om mense stadig maar seker gewoond te maak aan die werkswyse van die Antichris. En die dag wanneer hy sy verskyning maak, sal baie mense deur sy glibberige woorde gevang word. Iemand sal sê: Maar die dinge is nou al teenwoordig. Dit is waar, want die duiwel met sy bose magte berei die pad vir die Antichris voor – daardie dier uit die see. Sy slinksheid en skelmstreke gaan net erger wees as wat jy nou al beleef.

Glibberige woorde, bedrog en sluwe planne was nie al wat Anthiochus in sy arsenaal gehad het om sy doel te bereik nie. Hy het ook op militêre gebied sy spiere gebult. Militêr het hy as die koning van die noorde nie so 'n groot slaankrag soos die koning van die suide gehad nie. Maar hierdie tekortkoming het hom nie laat afsien van sy plan om beheer oor soveel moontlik rykdom en grondgebied te verkry nie.

Die Heilige Gees vertel hoe Anthiochus sy vernuf om te bedrieg en om te koop gebruik het om mense in die land van die suide te kry om saam te sweer teen die koning van die suide. As gevolg van hierdie omkoperij en bedrog kon die koning van die suide nie die koning van die noorde se aanval afweer nie. Dit het daartoe gelei dat Anthiochus sy hand op baie van Egipte se besittings gelê het en dit na sy eie land toe teruggevat het.

Op pad terug na sy land toe het Anthiochus sommer so in die verbygaan sy militêre mag in Jerusalem gebruik omdat hy gehoor het dat die Jode opstandig geraak het. Hy het 'n vreeslike bloedbad in Jerusalem aangerig. Hy het dit selfs gedurf om die tempel te ont-heilig deur daar in te gaan en alles wat kosbaar is – alles wat goud bevat – te buit en na sy eie land te vat. Dit wat aan God gewy was, het hy homself toegeëien. Dit was egter nog net 'n voorsmakie wat hy uiteindelik teen die verbondsvolk sou doen.

Anthiochus was egter nie net met die besittings van Egipte tevrede nie. Hy wou heerskappy voer oor Egipte. Daarom het hy weer met militêre mag teen Egipte opgeruk. Dit het op die vasgestelde tyd gebeur. Dit is die tyd wat nie hy nie maar God vasgestel het. Selfs die beweging van die Antichris van die Ou Testament is deur God bepaal. Maar hierdie keer het sy militêre aanslag misluk. Die Romeine hom voorgekeer en hy moes net so in sy spore omdraai.

Hierdie werkswyse duur vandag voort. In onlangse geskiedenis is gesien hoe daar met militêre mag ingegryp is in lande onder die voorwendsel dat daar van terreurgroepe ontslae geraak word. Hierdie militêre ingrype het plaasgevind omdat vorige ooreenkomste nie standgehou het nie en omdat groot oliereserwes verseker moes word. Met verraad en korrupsie sal die Antichris uiteindelik ook sy greep op die wêreld uitbrei. Die wat teenstand bied, sal platgevee word as hulle nie met sameswerings verswak kan word nie. Uiteindelik sal die Antichris deur die valse profeet voorgestoot word as die enigste noemenswaardige leier wat sogenaamde wêreldvrede kan verseker. 'n Menigte mense sal deur hierdie soetsappige praatjies oorrompel word.

Anthiochus se militêre optrede het nooit opgehou nie. Toe hy op 'n keer deur die koning van die suide aangeval is, het hy met 'n groot mag opgeruk. Hy het die een land na die ander oorval soos 'n oorstroming. Uiteindelik het hy beheer gekry oor die skatte van Egipte. En dit weet ons is waarheen die Antichris ook sal werk. Die Heilige Gees berei die gelowiges hieroor voor in die profesie van Openbaring 13. Op 'n slinkse manier sal hy beheer kry van

die wêreld ekonomie. Diegene wat aan hom groot eer bewys, sal met groot geskenke beloon word. Maar op die ou end sal dit net die mense wees wat die merk van die Antichris het wat sal kan koop en verkoop.

Sonder om iemand op hol te jaag, moet dit tog nou al gesê word. Die beheer oor die ekonomie deur sommiges is nou reeds aan die orde van die dag. Mense of groepe mense kry hulleself in posisie om beheer oor die ekonomie van lande of besighede uit te oefen. Die beheer van die ekonomie is nie feeverhaaltjies nie. En dit lyk vir my die skuiwe word al meer en meer gemaak om die beheer van die wêreld ekonomie in een mens se hande te kry. Ek sê nie dit is 'n feit nie en ek wil nie agter elke boom 'n duiwel sien nie, maar die nuwe neiging na virtuele geld – die sogenaamde *bitcoin* – is 'n stewige tree in hierdie rigting.

Deur hierdie beheer wat die goddelose oor die ekonomie kry en wat die Antichris uiteindelik sal hê, sal baie mense in sy greep gevang word. As hy dit nie regkry met die gierigheid en hebsug wat so eie is aan 'n mens se sondige geaardheid nie, sal hy dit regkry deur sy verbod op koop en verkoop, behalwe hulle wat sy merk dra.

Die Anthiochus oor wie Daniël geprofeteer het, het een oogmerk gehad – hy wil vir homself goddelike eer toe-eien – hy wil aanbid word as god. Daarom het hy 'n verskriklike haat teen die verbondsvolk gehad. Hy het met geweld baie van die Jode in Jerusalem doodgemaak. Hy het die kerk van die Ou Testament gevoelige slae toegedien omdat hy hulp gehad van die afvalliges van die verbondsvolk. Dit is hulle wat ter wille van al wat nuut en modern is hulle rug op die ware diens aan God gedraai het. Uiteindelik het Anthiochus die gruwel in die tempel opgerig. Hy het bo-op wat van die altaar nog oorgebly het 'n altaar vir sy afgod opgerig en daarop varke vir sy afgod geoffer.

Jesus het vir die dissipels gesê:

En wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan waar dit nie behoort nie dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug. (Markus 13:14 AFR53)

Wanneer daardie gruwel staan waar hy nie hoort nie, dan moet die gelowiges weet dat die groot verdrukking in sy felheid aangebreek het. Die gelowiges wat nog die ware God en sy Seun aanbid, sal voor die voet doodgemaak word. Daarom het Johannes geskryf: Wie vir die gevangenis bestem is, sal na die gevangenis gaan, en wie vir die swaard bestem is, sal met die swaard gedood word. Vir die Antichris gaan dit op die ou einde net oor homself en hy wil aanbid wees as god.

Hierdie groot verdrukking deur die Antichris gaan gepaard met die laaste afvalligheid, skryf Paulus in 2 Tessalonisense. Die afvalligheid van die geloof in die een lewende God en sy Seun as enigste Verlosser, word al meer en meer duidelik in ons dae al. In Europa stel gemeentes hulle kerkgeboue beskikbaar sodat moslems hulle valse god daarin kan aanbid. In ons eie land word oor die radio en deur vooraanstaande persone in die gemeenskap die uitsprake gemaak dat Christene en moslems dieselfde God aanbid. Broers, susters en kinders, dit is nie die waarheid nie. Daar is net een God – die Vader van Jesus Christus – en Hy kan aan niemand gelykgestel word nie. Hierdie afvalligheid gaan groter word.

Maar vir die ware gelowige is hierdie dinge nie geskryf om hom bang in 'n hoekie in te dryf nie. Die Heilige Gees maak hierdie dinge bekend sodat ware gelowiges hulle toevlug na Jesus Christus alleen sal neem. Hy openbaar dit sodat die ware gelowige sal weet dat ook hierdie opkoms en optrede van die Antichris binne die raadsplan van God gebeur. Hy

gebruik hierdie wêreldgeskiedenis as die steierwerk terwyl Hy sy kerk opbou. En die groot verdrukking word deur God aangewend om sy kerk te suiwer tot die eindtyd toe.

Gelowiges hoef nie te wonder wie die Antichris is nie. Bly by die Woord van die Here, want deur die Woord bind die Heilige Gees jou vaster aan Christus in wie jou lewe geborge is. Wie in Christus lewe en in Hom vasstaan sal die Antichris herken. Bid dat die Heilige Gees aan jou die krag sal gee om te volhard in die geloof.

Amen!

Slotgebed

Psalm 91:1, 4, 8 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 4 Al val daar duisend deur die pes, / die nagtelike swerwer,
al val tienduisende gekwes, / verslaan deur die verderwer –
jy staan daar onbeskadig, pal; / net maar dat jy gesien het
hoedat die goddelose val, / die loon wat hul verdien het.
- 8 “Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye^oaanskouer word / van al my reddingsdade.”

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 Oktober 2017